**OOS VRYSTAAT KAAP** Bedryf Bpk. Operations Ltd.

Reg. 1999/004069/06 | FSP Nr. 909 | NCRCP619

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

**Hoofkantoor/Head Office**
Dan Pienaarstraat/St 19
Ladybrand 9745

Posbus/PO Box 96,
Ladybrand 9745

Tel: 051 923 4500
E-pos/Email: klantediens@ovk.co.za
clientservices@ovk.co.za

**Streekkantore/Regional Offices**

| | |
|---|---|
| Bloemfontein | 051 247 5017 |
| Burgersdorp | 051 653 1855 |
| Cradock | 048 881 3484 |
| Ficksburg | 051 933 7662 |
| Hopetown | 053 203 9200 |
| Port Elizabeth | 041 406 7500 |

Webwerf/Web Site: https://www.ovk.co.za
Facebook: https://www.facebook.com/ovkgroep

# TENDERKENNISGEWING

## KOOP VAN VERSKEIE STRUKTURE

Tenders word ingewag vir die koop van die volgende items:

**1. LOTTE EN DIE LIGGING DAARVAN**

1.1 Verskeie strukture geleë te plaas Brakrivier, Riversdal

1.1.1 **LOT 1** – 1 x opslaan gebou, in gebruikte toestand met normale slytasie, 9.5m in lengte en 7m in breedte, met elektrisiteits-infrastruktuur vir beligting ingesluit (in werkende toestand);

1.1.2 **LOT 2** – ‘n ablusie fasiliteit (omgeboude skeepsvraghouer), in goeie gebruikte toestand, 6m in lengte en 2.4m in breedte, met 3 toilette, 3 storte, 3 binne-wasbakke en 2 buite-wasbakke, sowel as die nodige infrastruktuur in werkende toestand, met normale slytasie. Ingesluit by die ablusie eenheid is 2 x 48kg gasbottels in ‘n gesweiste staalkas (*welded mesh*), sowel as ‘n gas-geyserstelsel (in werkende toestand);

1.1.3 **LOT 3** – ‘n losstaande skeepsvraghouer, 6m in lengte en 2.4m in breedte, in goeie gebruikte toestand met normale slytasie.

1.2 Alle lotte soos hierbo genoem is geleë te plaas Brakrivier, Riversdal. Verdere besonderhede rakende die ligging daarvan kan op aanvraag verskaf word.

1.3 Tenders moet duidelik en ondubbelsinnig die lot(te) waarop getender word uiteensit.

1.4 Vir verdere besonderhede oor bostaande lotte, sien die foto’s hierby aangeheg as **“Aanhangsel A”.** ***Neem asseblief kennis dat slegs die items soos uitdruklik in paragrawe 1.1.1 tot 1.1.3 genoem, by die tender ingesluit word. Enige ander items, hetsy roerend of onroerend, wat in die foto’s mag verskyn is dus uitgesluit en vorm nie deel van die tender nie.***

**2. TOESTAND EN KWALITEIT**

Die goedere word voetstoots verkoop.

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

## 3. REGSPERSONE

Indien ‘n potensiële koper ‘n regspersoon is, moet alle direkteure / trustees / lede / vennote, ‘n volmag op aanvraag verskaf.

## 4. TENDERDOKUMENTASIE

4.1 Slegs tenders wat op die voorgeskrewe tenderdokument voltooi is, sal oorweeg word. Sodanige dokument kan aangevra word van Frans Hugo by fransh@ovk.co.za of 082 854 9468.

4.2 Voltooide tenders kan gee-pos word aan regsdienste2@ovk.co.za of ingedien word by die tenderboks te OVK Hoofkantoor geleë te 19 Dan Pienaar Rylaan, Ladybrand en moet duidelik gemerk wees “TENDER - KOOP VAN VERSKEIE STRUKTURE”;

4.3 Sodanige tenders moet voor **25 September 2026** om 16h00 ingedien word;

4.4 Die hoogste en/of enigste tender sal nie noodwendig aanvaar word nie, sonder opgaaf van redes;

4.5 Die aanbod wat aanvaar word sal skriftelik bevestig word per e-pos op/na 9 Oktober 2026;

4.6 Die pryse wat getender word op ‘n lot(te), sluit BTW uit en sal BTW addisioneel betaalbaar wees.

## 5. VOORAF BESIGTING

Vir vooraf besigtiging skakel gerus vir Frans Hugo by fransh@ovk.co.za of 082 854 9468.

.

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

# Aanhangsel A:

## <u>Lot 1:</u>





Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)



***Let wel die twee watertenks is uitgelsuit.**





Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

**Lot 2:**





Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)





**Lot 3:**






Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

OOS VRYSTAAT KAAP Bedryf Bpk. Operations Ltd.

Reg. 1999/004069/06 | FSP Nr. 909 | NCRCP619

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

**Hoofkantoor/Head Office**
Dan Pienaarstraat/St 19
Ladybrand 9745

Posbus/PO Box 96,
Ladybrand 9745

Tel: 051 923 4500
E-pos/Email: klantediens@ovk.co.za
clientservices@ovk.co.za

**Streekkantore/Regional Offices**

| | |
|---|---|
| Bloemfontein | 051 247 5017 |
| Burgersdorp | 051 653 1855 |
| Cradock | 048 881 3484 |
| Ficksburg | 051 933 7662 |
| Hopetown | 053 203 9200 |
| Port Elizabeth | 041 406 7500 |

Webwerf/Web Site: https://www.ovk.co.za
Facebook: https://www.facebook.com/ovkgroep

# TENDER VIR DIE KOOP VAN VERSKEIE STRUKTURE

Ek, die ondergetekende, ______________________________________________
(volle name en van / naam van regspersoon)

Identiteitsnommer / registrasienommer ______________________________________

Fisiese adres ______________________________________________________

Posadres _________________________________________________________

Kontaknommer _____________________________________________________

E-pos adres _______________________________________________________

tender hiermee onherroeplik op die volgende lot(te):

1.1 Verskeie strukture geleë te plaas Brakrivier, Riversdal

1.1.1 LOT 1 R____________________ (Aanbod sluit BTW uit)

1.1.2 LOT 2 R____________________ (Aanbod sluit BTW uit)

1.1.3 LOT 3 R____________________ (Aanbod sluit BTW uit)

Totaal van aanbod R____________________ (BTW uitgesluit)

**TERME EN VOORWAARDES:**

**1. Prys en betaling**

1.1 Sou die bogenoemde bedrag aanvaar word, is die volle bedrag betaalbaar binne twee dae deur middel van direkte inbetaling of elektroniese bank oordrag in die genomineerde bank rekening van OVK, sonder enige aftrekking;
1.2 Sou bewys van betaling genoem in 1.1 nie binne twee dae ontvang word nie, behou OVK die reg voor om in sy diskresie ‘n ander aanbod te aanvaar;
1.3 Geen item sal van die perseel verwyder word voor volledige betaling nie plaasgevind het nie;
1.4 Eienaarskap in die goedere sal eers in die koper vestig nadat die volle bedrag deur OVK ontvang is.

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

## 2. Risiko

2.1 Die koper erken dat hy/sy bewus is van die feit dat die goedere op tender tweedehandse goedere is en die toestand van die goedere van lot tot lot kan verskil;

2.2 Nieteenstaande laasgenoemde erken die koper dat hy/sy 'n geleentheid gehad het om die goedere te besigtig, alternatiewelik foto's daarvan besigtig het en nogmaals voort wil gaan om die goedere aan te koop met die wete dat die goedere nie nuut is nie en daar defekte kan bestaan en dit derhalwe "voetstoots" verkoop word;

2.3 Die risiko in die goedere gaan op die koper oor sodra die koper se offer aanvaar word.

## 3. Aanspreeklikheid

3.1 Die koper sal geen eis van enige aard teenoor OVK hê vir enige skade of verlies wat die goedere mag aanrig aan die koper, sy eiendom, aan derde persone of hul eiendom nie (wat die eienaar van die perseel insluit) en vrywaar die koper vir OVK van enige aanspreeklikheid in die verband (wat liggaamlike beserings insluit).

## 4. Verwydering

4.1 Die koper sal vooraf met OVK reëlings tref om die goedere te verwyder, welke binne 60 dae moet wees nadat sy/haar aanbod aanvaar is en volledige betaling plaasgevind het. Alle koste, uitgawes en risiko wat daarmee verband mag hou, sal vir die koper se eie rekening wees.

## 5. Algemeen

5.1 OVK behou die reg voor om enige aanbod te aanvaar of te verwerp sonder dat enige redes vir so 'n besluit verskaf hoef te word;

5.2 OVK behou die reg voor om ter enige tyd die goedere op tender terug te trek, om die tender te kanselleer of uit te stel sonder dat enige redes verskaf hoef te word;

5.3 Die koper sal nie geregtig wees om bevoordeel te word op grond van enige bona fide fout of weglating in die terme en voorwaardes of die foutiewe beskrywing van enige goedere op tender nie;

5.4 Voltooide tenders kan gee-pos word aan regsdienste2@ovk.co.za of ingedien word by die tenderboks te OVK Hoofkantoor geleë te 19 Dan Pienaar Rylaan, Ladybrand en moet duidelik gemerk wees "TENDER- KOOP VAN VERSKEIE STRUKTURE".

Onderteken te __________________ op hierdie _____ dag van ___________________ 20_____

______________________

Namens Koper

Onderteken te __________________ op hierdie _____ dag van ___________________ 20_____

______________________

Namens OVK
(slegs indien tender aanvaar word)

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)